AFRIKAANS

# BUDGET 2012

Die publiek se gids

national treasury
Department:
National Treasury
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

Issued by National Treasury, Private Bag X115, Pretoria,0001.
Enquiries: Communications, Tel: (012) 315 5757, www.treasury.gov.za

Jaarliks, gedurende Februarie, kondig die Minister van Finansies die regering se spanderings-, belasting- en leningsplanne vir die volgende drie jaar aan. Dit word die Nasionale Begroting genoem. Dit dui aan hoe die regering geld gaan invorder en hoe dit spandeer gaan word. Die Nasionale Begroting verdeel geld tussen nasionale departemente, provinsies en munisipaliteite.

HET JY HIERDIE PUBLIKASIE NUTTIG GEVIND?

SMS Ja of Nee na 44112

'n Standaard tarief van 50c per sms sal geld.



Picture by Government Communication and Information System (GCIS)

# DIE BOU VAN INFRASTUKTUUR OM DIE EKONOMIE TE LAAT GROEI EN DIE LEWENS VAN MENSE TE VERBETER

Suid-Afrika se infrastruktuur investeringsveldtog is daarop gemik om goedere en dienste te voorsien wat beter werks- en lewensomstandighede skep.

Die voorsiening van infrastruktuur soos elektrisiteit, water, telekommunikasie, hospitale en behuising laat besighede groei en verbeter die lewenskwaliteit van individue. Ons beleggings het ten doel om die beduidende agterstand in die voorsiening van dienslewering uit te skakel terwyl daar tred gehou word met nuwe eise wat geskep word wanneer die ekonomie groei en lewenspatrone verander. Die regering beplan om R844.5 miljard oor die volgende drie jaar te belê in die bou van paaie, hospitale, skole, damme, elektrisiteitsaanlegte, en hawens- en spoorstelsels.

Mense benodig openbare vervoer wat veilig, betroubaar en maklik is om na hul werksplek, skool, en oral waarheen hulle nodig het om te gaan, te reis. Pendelspoorvervoer in Suid-Afrika moet verbeter word om die beweging van mense goedkoper, vinniger en veiliger te maak. Metrospoor se verouderde vloot moet vervang en uitgebrei word om tred te hou met die aanvraag.

Dienooreenkomstig investeer die Passasier Spooragentskap van Suid-Afrika (PRASA), wat in beheer is van Metrospoor, meer as R80 miljard oor die volgende 20 jaar om hul vloot te hernu en hul stasies landwyd op te gradeer. In 2014/15 gaan die regering R4 miljard addisioneel aan PRASA toeken om 233 waens aan te koop, en 'n verdere R1 miljard vir infrastruktuur wat verband hou met spoorwegsinjales en terminale. Hierdie hernuwingsprogram sal die gerief en veiligheid van die 2.4 miljoen passasiers wat elke werksdag met Metrospoor reis, verbeter. Daarbenewens word die hoë-spoed busvervoerstelsel wat gedurende 2010 in groot stede soos Johannesburg en Kaapstad ingestel is, voordurend uitgebrei.

Om te verseker dat Suid-Afrika toegang het tot hoë standaard gesondheidssorg, moet hospitale vernuwe en opgegradeer word. Deur hierdie verbeterings te maak word die weg gebaan vir die instelling van die Nasionale Gesondheidsversekering.

Die regering begroot R450 miljoen vir die opgradering van ongeveer 30 verpleegkolleges. 'n Verdere R426 miljoen is toegeken om die vernuwing van vyf groot hospitale te begin naamlik Chris Hani, King Edward, George Mukhari, Limpopo en Nelson Mandela Akademies.

Die regering is verbind daartoe om die lewenskwaliteit van alle Suid-Afrikaners te verbeter en die voorsiening van behuising vir lae inkomstegroepe is 'n prioriteit. Die volgehoue voortbestaan van groot informele nedersettings dui egter op die omvang van die probleem om tred te hou met die aanvraag vir lae inkomste behuising in stedelike gebiede. Meer hulpbronne word toegewys om voorsiening te versnel. Besteding op behuising en gemeenskapsgeriewe sal na verwagting met R9.9 miljard oor die volgende drie jaar verhoog. Van hierdie bedrag sal:


- R1.8 miljard vir munisipale water infrastruktuur
- R3.9 miljard vir die opgradering van informele nedersettings

Die regering is verbind tot die skepping van beter werks- en lewensomstandighede in Suid-Afrika. Hierdie beleggings behoort oor tyd hierdie doel te bereik.



Final People's Guide 2012 - Afrikaans_v1.indd 1 18/02/2012 13:59

# HOEVEEL GAAN SPANDEER WORD?




# BEGROTING 2012 HOOGTEPUNTE

**DIE VERNAAMSTE VERANDERINGE AAN DIE BEGROTING IS DIE VOLGENDE:**

## 1 BESTEDINGSPLANNE OOR DIE VOLGENDE DRIE JAAR:

- R9.5 miljard vir die Ekonomiese Mededingingsondersteuningspakket
- R6.2 miljard vir werkskepping
- R3 miljard vir die aanpassing van leerdersubsidies betaalbaar aan geen fooi skole en vir die uitbreiding van toegang tot Graad R
- R1 miljard vir die Nasionale Gesondheidsversekering loodsprojek
- R1.4 miljard vir die ontwikkeling van jong kinders
- R4 miljard vir die Passasier Spooragentskap van Suid-Afrika vir waens, as deel van 'n program om die bestaande vloot te vervang
- R1 miljard vir infrastruktuur van spoorwegsinjales en terminale wat verband hou met die nuwe spoorwegvervoer program
- R4.7 miljard vir die Elektrisiteitaanvraag bestuurstoelaag: Eskom vir die installering van sonkrag water geisers
- R1.8 miljard vir munisipale water infrastruktuur
- R3.9 miljard vir die opgradering van informele nedersettings

## 2 BELASTING VOORSTELLE

- Persoonlike inkomstebelastingverligting van R9.5 miljard
- Belasting toegewing om besparing aan te moedig
- Verbeterings aan mediese skema bydrae en aftree spaargeld
- Belastingverligting vir mikro en kleinbesighede
- Dividend terughoudingsbelasting verhoog na 15 persent
- Kapitaalwinsbelasting verhoog
- 'n Pakkie van 20 sigarette sal 58 sent meer kos
- 'n 750 ml bottel alkohol sal R6 meer kos
- 'n 340 ml blikkie bier sal 9 sent meer kos en 'n 340 ml blikkie appelwyn sal 8.84 sent meer kos
- 'n Liter wyn sal 18 sent meer kos
- Algemene brandstofheffing verhoging van 20 sent per liter, en 8 sent per liter meer vir die Padongelukke Fonds
- Elektrisiteitsheffing verhoog na 1 sent / kWh

## 3 MAATSKAPLIKE TOELAES

| | 2011/12 | 2012/13 |
|---|---|---|
| Staatsouderdomspensioen | 1 140 | 1 200 |
| Staatsouderdomspensioen, ouer as 75 | 1 160 | 1 220 |
| Toelae vir oudstryders | 1 160 | 1 220 |
| Ongeskiktheidstoelae | 1 140 | 1 200 |
| Pleegsorg toelae | 740 | 770 |
| Sorgafhanklikheidstoelae | 1 140 | 1 200 |
| Kinderonderhoudstoelae* | 265 | 280 |

*R265 gemiddelde waarde vir 2011/12

# VERBETERING VAN DIE LEWENSKWALITEIT VAN ALLE SUID-AFRIKANERS

Die regering beoog om oor die langtermyn die ekonomie soveel te laat groei dat alle Suid-Afrikaners wat graag wil werk, kan werk.

Gegewe ons geskiedenis sal dit 'n tyd neem voordat ons hierdie doel kan bereik, en moet ons dringend miljoene Suid-Afrikaners wat nie toegang tot 'n inkomste het nie of wat andersins kwesbaar is, bystaan. Verligting van armoede is hoog op die regering se agenda. Die maatskaplike bystandsprogram is die direkte wyse waarop armoede bestry word. In 2012/13, is R104.9 miljard toegeken aan maatskaplike bystand, wat toeneem tot R122.0 miljard in 2014/15. Die aantal begunstigdes van toelaes sal toeneem vanaf omtrent 15.6 miljoen in 2011/12 tot 16.1 miljoen in 2012/13 en daar word beplan om dit te laat toeneem tot 16.8 miljoen in 2014/15.

Die Department van Maatsaplike Ontwikkeling ontvang R1.4 miljard addisioneel oor die volgende drie jaar, hoofsaaklik om toegang tot die program van die ontwikkeling van jong kinders te laat toeneem vanaf 500 000 tot 580 000 en om 'n tuis-en gemeenskapsgebaseerde kindersorg en beskermingsprogram (Isibindi), uit te rol. Die Isibindi projek sal 858 000 kinders en jeugdiges bevoordeel, en fokus op plaaslike gemeenskappe, weeskinders en kind-aan-die-hoof huishoudings. Omtrent 10 000 jeugwerkers sal deur hierdie program in diens geneem word.

Daar is R2.8 miljard addisioneel oor die volgende drie jaar aan die gesondheidsektor toegeken waarvan:

- Die nasionale gesondheidstoelaag wat in 2012/13 ingestel word R1 miljard oor die volgende drie jaar sal beloop. Die toelaag sal loodsprojekte vir nasionale gesondheidversekering en 'n toename in primêre gesondheidsorgbesoeke, befonds;
- R450 miljoen voorsien is vir die opgradering van ongeveer 30 verpleegkolleges;
- 'n Verdere R426 miljoen toegewys is vir die vernuwing van hospitaalinfrastruktuur

'n Addisionele R968 miljoen word beskikbaar gestel om antiretrovirale behandeling by die CD4 drempel van 350 te akkommodeer. Dit sal die aantal antiretrovirale ontvangers vanaf 1.5 miljoen in 2011 na ongeveer 3 miljoen teen 2014/15 laat toeneem.

# ONDERWYS IS DIE SLEUTEL TOT DIE VERMINDERING VAN ARMOEDE EN WERKLOOSHEID

Die regering spandeer meer aan onderwys as aan enige ander uitgawe item in die land se begroting.

Die 2012 Begroting ondersteun die doel om die kwaliteit van onderwys op alle vlakke te verbeter en om die tekort aan vaardighede in ons ekonomie te verminder.

Oor die volgende drie jaar ontvang:

- Die Nasionale Studente Finansiële Bystand Skema ontvang R17.1 miljard om arm studente se toegang tot universiteite en kolleges te verbeter
- 'n Verdere R850 miljoen word toegeken om universiteitsinfrastruktuur te verbeter, hoofsaaklik studente behuising

Die regering beplan om die aantal universiteitsinskrywings te verhoog na 962 000 teen 2014/15, vanaf 886 000 in 2011/12. Daar word verwag dat inskrywings in FET kolleges gaan toeneem vanaf 211 000 in 2011/12 na 247 000 in 2014/15. Inskrywings vir onderwys en opleiding van volwassenes behoort toe te neem vanaf 215 000 in 2011/12 tot 300 000 in 2014/15.

Om geletterdheid en syfervaardigheid te verbeter is 'n addisionele R235 miljoen aan die nasionale department toegeken om assesserings na Graad 9 uit te brei en om die assesserings van Graad 3 tot 6 te versterk.

Leerder en onderwyser handboeke in geletterdheid en syfervaardigheid sal voorsien word aan alle Graad 1 tot 9 leerders vanaf 2012.

Alhoewel die regering sy rol speel is dit belangrik om daarop te let dat onderwys ons almal se verantwoordelikheid is. Onderwysers, ouers, leerders, gemeenskappe en besighede het almal 'n belangrike rol om te speel.

HET JY HIERDIE PUBLIKASIE NUTTIG GEVIND?
SMS Ja of Nee na 44112
'n Standaard tarief van 50c per sms sal geld.